

KERKHIËRARGIE IS STRYDIG MET DIE KERKHERVORMING

deur prof. FAH van Staden

'n Afrikaanse verklarende woordeboek verklaar "kerklike hiërargie" as "gegradeerde priesterskap, priesterrangorde en priesterheerskappy". Die kerkgeskiedenis en kerkreg verbind dit aan die "ampte" in die Rooms Katolieke Kerk as die hoofkomponent van die Roomse of Papale stelsel van kerkinrigting en kerkregering. Basies gaan dit om die rangorde in die ampte in die Rooms Katolieke Kerk as laer ampte, hoër ampte en die hoogste amp, die pous.

In die verband voer die kerkgeskiedenis ons terug na die tweede eeu na Christus waar hierdie stelsel in die Christelike kerk ontstaan het en na die volgende eeue waarin dit ontwikkel het tot die stelsel soos dit vandag in die Rooms Katolieke Kerk funksioneer. Hierdie kerkhiërargie, as strydig met die Woord van God, het persone in die kerk laat ywer vir verandering in die kerk, dog het meestal noodlottig geëindig vir die yweraars. Dit was dan ook die groot oorsaak vir die Kerkreformasie van die sestiende eeu onder leiding van Martin Luther, Johannes Calvyn, Philippus Melanchton, Huldrich Singli, Martin Bucer en ander.

Die eerste twee eeue na Christus

Nadat die apostels van Jesus Christus, wat die gesag van Christus in die kerk uitgeoefen het, en wat die verkondigers en bewakers van die suiwer Christelike leer was, gedurende die tweede helfte van die eerste eeu na Christus van die kerklike toneel verdwyn het, het daar 'n groot leemte in die Christelike kerke (gemeentes) ontstaan rondom veral die beskerming van die suiwer leer teen die insypeling, soms op subtile wyse en meermale helaas uit eie geledere, van allerlei dwaalleringe. Dit was 'n wesenlike en ernstige gevaar in die kerke, wat noodwendig bekamp moes word. Trouens, die Skrif verhaal by monde van Paulus, Johannes en Petrus dat daar reeds in die apostoliese tyd dwaalleraars met hulle dwaalleringe in gemeentes opgetree het waarteen gewaarsku is. Vergelyk in die verband 1 Tim. 1:3; Gal. 1:6, 7; Hand. 20:29, 30; Kol. 2:4 vv; 1Joh. 4:1 vv; 2 Joh. v. 7, 9, 10, 11; 1 Petr. 2:1.

Die Nuwe Testament leer egter die instelling van die ouderlingamp in die plaaslike kerke deur Jesus Christus, die Hoof van die kerk. So lees ons van die ouderling, die "presbuteros", in Hand. 11:20; 14:23; 15:6, 22, 23; 20:17; 1 Tim. 5:17; Tit. 1:5; 1 Petr. 5:1. In Filp. 1:1 en 1 Tim. 3:2 gebruik Paulus die woord "opsiener" (episkopos) in plaas van "presbuteros". Dit is egter, soos duidelik uit Hand. 20:17, waar Paulus die "presbuteroi" van Efese ontbied en dan in v.28 hulle "episkopoi" noem, dat "episkopos" by Paulus nie 'n ander amp aandui as "presbuteros" nie en dat die twee name vir hom sinonieme vir dieselfde amp is.

Dit was nou die taak van die "presbuteroi" of "episkopoi" om die leiding in die gemeentes te neem en dus geroepe van die suiwer leer te beskerm teen die aanslae van dwaalleraars. Dit was egter nie effektief genoeg nie, met die gevolg dat die situasie ontwikkel het dat in elke gemeente een ouderling (episkopos) as opsiener bo die ander begin uitstyg het as die leiersfiguur. Kerkhistorici is nie presies seker hoe dit geskied het

nie, maar dit wil voorkom of hulle gekies sou wees uit diegene wat leerlinge van apostels sou wees. Hierdie opsieners is gevolglik met besondere gesag bo die van die ouderlinge beklee en het die benaming "biskop" ontvang. Só het die biskopregering in die kerk tot stand gekom. Dít, wat bedoel was om 'n belangrike ontwikkeling in die kerk te gewees het om die gemeentes teen dwaalleringe te beskerm en die lidmate in tye van vervolging te bemoedig, het egter geleidelik ontaard in kerkhiërargie. Die aristokraties-presbiteriale kerkregering (deur die ouderlinge) het daardeur oorgegaan tot die monargaal-episkopaalse kerkregering (deur die biskoppe).

Die ontwikkeling van die biskopamp

Die biskoppe was beskou as die opvolgers van die apostels met, anders as met die apostels, 'n eie gesag. Al die ander ampte, waarvan 'n rits ontwikkel is en gegradeer as laere en hoëre ampte, is ondergeskik gestel aan die biskopamp, insluitend die ouderlingamp.

Die Christelike kerk het as staatskerk daartoe oorgegaan om die kerklike organisasie op die lees van die staatsorganisasie te skoei. Dit was uiters bevorderlik vir die vestiging van die biskopamp as die belangrikste of hoofamp. Die gevolglike volgende ontwikkeling was, om aan die biskoppe van die groot hoofstede van die Romeinse Ryk en die van die gemeentes wat dan deur die apostels gestig sou gewees het, hoër status met meer gesag as die ander toe te geken het. Hulle is "aartsbiskoppe" of "metropoliete" genoem. Dit is deur nog 'n verdere stap gevolg toe 'n aantal stede in die Ryk, waaronder Rome, se biskoppe 'n nog hoër posisie opgeëis het en die hoër status van "patriarge" ontvang het.

Dit het die deur vir die patriarg van Rome ontsluit om die posisie op te eis as die hoofpatriarg in die kerk. Rome, die ou keiserstad, se biskoppe het verklaar dat Petrus, die apostel, die eerste biskop van Rome sou gewees het en daarom moes die biskop (patriarg), wat dan sy setel beset, belangriker wees as en 'n hoër status beklee as die ander patriarge. Die kerkvader Cyprianus, biskop van Carthago het die belangrikheid van die biskoppe as gelykes in die kerk beklemtoon, maar Calixtus, die biskop van Rome het daarteenoor die eis gestel dat die kerk as 'n sigbare eenheid net een sigbare hoof kan hê en dit is die biskop van Rome. Ten spyte van teenstand het hy geseëvier en het die biskop van Rome die sigbare hoof van die kerk geword met die benaming "pous".

Die pous as hoof van die kerk het die hoogste gesag in die kerk bekom as alleenregeerder. Gaandeweg is sy uitsprake as alleen gesaghebbend en finaal beskou as die "ex cathedra"-uitsprake en saam met kerklike tradisie bo die Skrif gestel. Die Skrif is vir die lede van die kerk "in kettings geslaan". Die lede is as "leke" geag sonder enige regte en voorregte, wat net die ampte moes gehoorsaam. Teenoor die leke het die ampsdraers as die geestelikes of "clerus" gestaan. Hulle het alleen die bediening van die genademiddele ontvang en is derhalwe alleen verantwoordelik vir die voortplanting van die genade.

In die proses van ontwikkeling het die ouderlingskap oorgegaan in die priesterskap. Die priesters het as ondergeskiktes van die pous hul posisie in die kerk aan hom te danke en het, met sekere gesag van die pous ontvang, 'n belangrike posisie ingeneem. Pous en priesters, ook in bepaalde rangordes, het die priesterheerskappy in die kerk geword. Só is kerkhiërargie in die kerk gevestig. Vandaar uitsprake soos "waar die pous is, is die kerk" en "wie hom van die pous (biskop) afkeer, behoort nie tot die kerk nie". Ten spyte van die Kerkhervorming het die Rooms Katolieke kerk op sy onskriftuurlike spoor

voortbeweeg en is so laat as 1870 nog besluit dat die pous, as die plaasvervanger van Christus op aarde, onfeilbaar is.

Só het die biskopamp as 'n toring bo die kerk uitgestyg en was dit net logies dat dit sou ontwikkel tot een hoofbiskop as hoof van die sigbare kerk wêreldwyd. Só het die kerkregeringstel, wat bekend is as die Rooms Katolieke of Papale stelsel tot stand gekom. Die stelsel is in beginsel streng monorgaal. Dit kom daarop neer dat die kerkhiërgie 'n piramidale patroon vertoon, dat die kerkregering in die priesterskap setel, met die absolute heerskappy in die pous gevestig.

Rome teenoor die Skrif

Die belangrike vraag is hoe oordeel die Skrif oor kerkhiërgie, die gegradeerde priesterskap en die priesterheerskappy soos die Rooms Katolieke stelsel van kerkinrigting en -regering leer en die kerk laat funksioneer? Die antwoord word gebied deur die groot Kerkreformasie van die sestiende eeu. Met die Hervorming het die kerkhervormers en vir ons doeleindes as gereformeerdes, by name Johannes Calvyn radikaal gebreek met kerkhiërgie. Hy het teruggegryp na die Skrif. Dit het vir hom primêr gegaan om wat die Skrif van kerk (ecclesia) en kerkregering leer. Die grondbeginsel van sy lewens- en wêreldbeskouing vanuit die Skrif is die absolute soewereiniteit van God en dat alles in die kerk en in die lewe van die Christene die eer van die Here moet dien.

Calvyn het, aan die hand van Ef. 1:22-23 en ander, geleer dat die kerk, in sy onsigbare of universele gestalte oor die wêreld oor alle eeue heen én soos dit gestalte vind as sigbare kerk in plaaslike kerke oor die wêreld heen, liggaam van Christus is, waarvan Hy alleen die Hoof en Regeerder is. Die Skrif leer nêrens dat Christus naas Hom 'n mens as hoof van sy kerk gestel het nie. Hy het geen menslike plaasvervanger in sy kerk op aarde nie. Hy regeer ook self en alleen sy kerk deur sy Gees en sy Woord. In sy kerk geld net sy gesag, wat uitgeoefen moet word. Dit is Christusregering. Dit gaan in die Skrif om sý Hoofskap, sý kerk, sý gesag en sý regering. Dit is die belangrikste beginsel van die stelsel van kerkinrigting en -regering wat Calvyn uit die Skrif ontwikkel het en wat bekend staan as die Presbiteriale of Gereformeerde stelsel van kerkregering. Daarmee is die pous, sý hoofskap, sý gesag en sý regering in die kerk as onskriftuurlik by die wortel afgesny!

Tweedens het Calvyn net vier besondere ampte in die kerk volgens die Skrif, vasgestel, te wete die regerende ouderling-, die lerende ouderling-, die doktore en die diakenskap. Die lerende ouderlinge en doktore is wesenlik een amp, sodat daar eintlik van drie sprake is. Die Skrif leer dat hierdie drie ampte "gelykwaardig is", soos dit ook in ons Kerkorde, art. 7, vasgestel is, wat "in opdrag onderskei" word en verder dat "by die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof van sy kerk is". Hiermee is kerkhiërgie as gegradeerde priesterskap ewe-eens by die wortel afgesny!

Die Skrif leer dat Christus die besondere ampte in sy kerk ingestel het. Van die ampte word die ouderlingamp aangedui as die koninklike amp aan wie Christus sý kerkregering toevertrou het. In die plaaslike kerk is die ouderlinge geroepe om Christus se gesag en sy regering uit te oefen. Hy regeer dus middellik deur hulle. In die gemeente regeer nie een ouderling alleen soos 'n biskop nie, maar gesamentlik as 'n raad, 'n presbiterium. Hier is geen rangorde nie en daarom moet ernstig gewaak word teen die benaming "hoof- of leierouderling", wat meermale die idee laat posvat dat hierdie ouderling so 'n trappie hoër staan as die ander. Hierdie benaming is 'n

ongereformeerde uitwas wat uitgesuiwer moet word om die skyn van die kwaad te vermy. Hy is, volgens ons Kerkorde, niks meer as net die voorsitter van die ouderlingeraad nie en 'n voorsitter in 'n kerklike vergadering is nooit 'n soort pous, diktator of iets dergeliks nie. Geen ouderling word met eie gesag bekleed en met eie regeeringsbevoegdheid nie. Dit is nie sy (my!) gemeente nie, maar die gemeente van Christus!

Die besondere amp van die ouderlingskap is ook nie in die gemeente beskore vir net 'n paar manlike lidmate nie. Alhoewel die ouderlingamp 'n permanente amp in die gemeente is, kan dit deur geen lidmaat vir 'n onbepaalde tyd of selfs lewenslank bekleed word nie. Dit is nie 'n lewenslange amp vir 'n paar lidmate nie. Dit moet toeganklik wees vir elke manlike lidmaat. Daarom is die Skrifbeginsel van periodieke wisseling in art. 24 van die Kerkorde vasgestel. Dit is 'n wesenlike gevaar vir die invoer van kerkhiërargie as persone vir 'n te lang periode die amp bekleed asof net 'n paar ampswaardig is.

Sonder om daarvoor uit te wei, word net gemeld dat die Skrif nie die lidmate in die gemeente as blote "leke" ag sonder enige regte of voorregte in die gemeente nie. Die lidmate is volwaardige lidmate, bekleërs van die amp of dienswerk van die gelowiges as konings, profete en priesters. As konings moet hulle oor die sonde en die magte van die duisternis (in Christus) heers, maar hulle regeer nie in die gemeente nie, want die Christusgesag en -regering is aan die ouderlingamp toegesê.

In die Presbiteriale of Gereformeerde stelsel van kerkinrigting en -regering, as produk van die Kerkreformasie, soos deur Calvyn uit die Skrif ontwikkel as die kragtige teenvoeter van die Rooms Katolieke stelsel van kerkinrigting en -regering met sy gevaarlike kerkhiërargie, is daar geen ruimte vir laasgenoemde nie. In die Afrikaanse Protestantse kerkverband en in die plaaslike kerke moet dit teengewerk word deur ampsdraer en lidmaat. Kerkhiërargie is totaal strydig met die Skrif en die Kerkhervorming. Daarom is dit dringend nodig dat ons die Presbiteriale stelsel in ons kerkregering stiptelik sal navolg soos dit onder andere in ons Kerkorde gestalte vind as een van die beste Gereformeerde Kerkordes ter wêreld. Onkunde, beteweterigheid en eiewilligheid skep ruimte vir kerkhiërargie in ons gemeentes. Die uitvoering van die Gereformeerde stelsel, sal lidmate meteen ook verhinder om oor te hel na die Independentente stelsel, waar dit weer om gemeenteregering gaan, met miskennis van die besondere ampte en die kerkverband en waardeur die Christusregering eweseer in die kerk van Christus aangetas word. Laat ons weet en onthou dat kerkhiërargie strydig is met die Kerkhervorming.

Wanneer gereformeerdes wil reformeer, moet hulle altyd Calvyn se voorbeeld volg van "ecclesia reformata semper reformanda est per verbo Dei", dit is dat 'n gereformeerde kerk altyd reformeer volgens die Woord van God. Wie egter die Presbiteriale stelsel van kerkregering wil reformeer in die sin van verbeter, sal vanuit die Skrif moet bewys dat verbetering noodsaaklik is, maar meer nog **moontlik** is!

Te veel wil reformeer, verbeter, maar in trurat en so die vrugte van die Kerkreformasie veryd.